



LAERSKOOL SELECTIONPARK

GEDRAGSKODE – LEIERSKAP / KINDERS



INLEIDING

LAERSKOOL SELECTIONPARK beliggaam die beginsels van Christelike onderwys en individuele groei as sy voorste prioriteit. Die skool poog om onafhanklike denke en verantwoordelike besluitneming binne die raamwerk van Christelike waardes en norme te bevorder. Deur 'n sterk vennootskap tussen die skool en ouers te vestig, word hierdie doelwit verwesenlik. Die skool glo vas daaraan om duidelike dissiplinêre riglyne te verskaf, soos uiteengesit in 'n gedragskode, om leerder te lei om verantwoordelikheid te aanvaar.

LAERSKOOL SELECTIONPARK verseker dat die gedragskode 'n stelsel insluit wat voorsiening maak vir gereelde en effektiewe kommunikasie met ouers, wat hulle inlig oor hul kind se ervaring met die gedragskode en hul aanvaarding daarvan. Hierdie kommunikasie het ten doel om inligting oor geringe oortredings te verskaf sonder om die leerder se waardigheid in te boet.

LAERSKOOL SELECTIONPARK poog om by elke leerder 'n sterk verantwoordelikeheidsin te kweek, wat uiteindelik sal lei tot die optimale benutting van hul Godgegewe talente. In samewerking met die ouergemeenskap streef die skool daarna om Christelike waardes en norme te beliggaam wat vir elke leerder ongetwyfeld belangrik en ononderhandelbaar is. Dissipline word as 'n noodsaaklike element van 'n harmonieuse gemeenskapslewe beskou, en hierdie oortuiging word by LAERSKOOL SELECTIONPARK gehandhaaf.

Die skool glo dat dissipline deurslaggewend is vir die handhawing van 'n omgewing van samewerking en sorg, waar leerder te beskerm en veilig voel. Dit is deur hierdie ordelike omgewing dat elke leerder die geleentheid gebied word om akademies, kultureel, atleties en in leierskaprolle te ontwikkel en uit te blink. Die opvoedkundige gemeenskap glo vas dat elke leerder toegang tot uitstekende onderwysgeleenthede verdien, en enige hindernisse wat hul vordering belemmer, moet uit die weg geruim word.



WETGEWENDE RAAMWERK

Skooldisipline moet binne die wetlike raamwerk en voorskrifte van die Suid-Afrikaanse Skolewet gehandhaaf word. Die volgende wetgewing is **bindend en bepaalend** vir die raamwerk waarbinne die dissiplinêre gedragskode van die skool opgestel word en toegepas moet word. Die volgende wetgewing bepaal die genoemde raamwerk waarbinne die dissiplinêre gedragskode funksioneer:

2.1. Suid-Afrikaanse Skolewet, (Wet nr. 84 van 1996) soos gewysig deur die Onderwyswysigingswet, 2005. (SASA)

2.2 Die Regulasie vir Wangedrag van Leerders by Publieke Skole en Dissiplinêre Verrigtinge, 2001. (Algemene Kennisgewing 2591 van 2001)

2.3. Die Promosie en Administratiewe Geregtheidswet. (Wet nr. 3 van 2000)

2.4. Die Promosie en Toegang tot Inligtingswet. (Wet nr. 2 van 2000)

2.5. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. (Wet nr. 108 van 1996)



DOELSTELLING

2.1 ALGEMENE DOELSTELLINGS

Leierskapontwikkeling in skoolverband moet op die uitbouing van potensiaal van elke leerderleier gerig wees. Dit gaan ook oor die oordra van die nodige kennis, vaardighede en gesindhede sodat die leerderleier 'n rol in sy/haar skool en later in die gemeenskap kan vervul.

2.2 SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

Die volgende doelstellings van leierskapontwikkeling word voorgehou:

2.2.1 Om leerderleiers die geleentheid te bied om volgens die opvoedingstelsel op hul weg wees na volwassenheid optimaal begelei te word.

2.2.2 Leerderleiers te lei tot toerekeningsvatbaarheid en verantwoordelike aanvaarding.

2.2.3 'n Gebalanseerde waardesistiem te help skep en positiewe standpuntinname by leerderleiers te bevorder.

2.2.4 Om die potensieële leier progressief te help ontwikkel.

- 2.2.5 Om die regte gesindheid en besef van geroepenheid ten opsigte van leieraanleg by die leerders te bevorder.
- 2.2.6 Kennis, vaardighede en gesindhede te ontsluit wat tot dinamiese en weerbare leierskap sal lei.
- 2.3 Die leerderleiers kan ook met die goedkeuring van die skoolhoof en die skoolbeleid:
- 2.3.1 Die leerders verteenwoordig en hul belange behartig.
- 2.3.2 Met aanbevelings in verband met leerderaangeleenthede na die skoolhoof en onderwysers gaan.
- 2.3.3 As skakel tussen skoolhoof, personeel en leerders dien.
- 2.3.4 'n Positiewe en lojale gesindheid onder die leerders bevorder.
- 2.3.5 Bepaalde funksies en leerderaangeleenthede, onder toesig van die personeel reël.
- 2.3.6 As ambassadeurs van die skool optree.
- 2.3.7 Toesig hou oor leerders by skool, by openbare byeenkomste, funksies en vertonings.
- 2.3.8 'n Oog hou oor die netheid van die skool en leerders.
- 2.3.9 Nuwe leerders reghelp en laat tuis voel.



VEREISTES VIR DIE IDEALE LEIER

Hierdie vereistes is die ideaal, maar omdat 'n kind nog op weg is na volwassenheid, word dit nie van 'n leerder verwag om aan al hierdie vereistes te voldoen nie:

- 3.1 Vereenselwig met die groep.
- 3.2 Kennis van mense en menslike gedrag.
- 3.3 Vermoë om met mense te kan werk.
- 3.4 Bedrewenheid om 'n groep mense te hanteer.
- 3.5 Vermoë om 'n groep te dissiplineer en positief in te stel.

- 3.6 Vermoë om in beheer van 'n groep te bly.
- 3.7 'n Motiveerder van mense om optimisme te bewerk.
- 3.8 Om 'n gees van diensbaarheid aan die dag te lê.
- 3.9 Om konflik te kan hanteer en op te los.
- 3.10 Om een van die span te wees.
- 3.11 Om duidelik te kan kommunikeer.
- 3.12 Deelname aan skoolaktiwiteite.
- 3.13 Om 'n goeie voorbeeld te stel.



PERSOONLIKHEIDSKENMERKE VAN DIE IDEALE LEIER

- 4.1 Karakter (integriteit, eerlikheid, lojaliteit, opregtheid, humorsin, standvastigheid)
- 4.2 Verantwoordelikheid
- 4.3 Selfvertroue
- 4.4 Begrip
- 4.5 Selfbeheer
- 4.6 Diensbaarheid
- 4.7 Gebalanseerd
- 4.8 Deursettingsvermoë
- 4.9 Wilskrag
- 4.10 Doelgerigheid
- 4.11 Organisasievermoë
- 4.12 Aanpasbaarheid
- 4.13 Gebalanseerde oordeel
- 4.14 Durf en moed
- 4.15 Entoesiasties
- 4.16 Selfdissipline

LEIERPOSISIES EN KOMITEES

5.1 Graad 6-leerders word jaarliks verkies as media-leiers om leerders en personeel pouses en na skool behulpsaam te wees in die mediasentrum.

Verkieping en opleiding word deur die mediapersoneel hanteer.

5.2 Sportspanne mag, indien die behoefte bestaan, sportkapteine aanstel.

Sportkapteine moet 'n voorbeeld stel vir hulle spanmaats en sal versoek word om sekere take te verrig ter bystand van die afrigter.

5.3 Die leerders in Graad 6 word aangestel om diens te staan by die padpatroolie, oos-hek en Graad R/RR



IDENTIFISERING VAN LEIERSKAPPOTENSIAAL EN LEIERS

6.1 WIE MOET IDENTIFISEER?

6.1.1 Klasonderwysers van die skool.

6.2 WAT MOET GEÏDENTIFISEER WORD?

6.2.1 Persoonlike eienskappe.

6.2.2 Leerdergedrag.

6.2.3 Inisiatief in 'n groep.

6.2.4 Effektiewe doelbereiking met 'n groep.

6.2.5 Aanvaarding deur 'n groep.

6.2.6 Kennis van leierskap, mense en groepe.

6.2.7 Leiervaardighede bv. goeie kommunikasie.

6.2.8 Deelname aan skoolaktiwiteite.

6.3 WAAR MOET LEIERSKAP GEÏDENTIFISEER WORD?

6.3.1 In die klas en op die skoolterrein.

6.3.2 Tydens buitemuurse aktiwiteite.

6.3.3 By formele en informele geleenthede.

6.3.4 Tydens sporttoere, ens.



FORMELE LEIEROPLEIDING

7.1 Die Graad 6-leerders sal in hulle Graad 6 jaar aan leierskapkursusse blootgestel word. Dit kan die laaste week van die eerste drie kwartale gedoen word.

7.2 Aan die begin van die vierde kwartaal sal die Graad 6-leerders 'n finale kursus bywoon.

7.3 Die nuut verkose leerderraad sal aan die begin van Graad 7 blootgestel word aan 'n leierskapontwikkelingsessie. Tydens hierdie geleentheid sal die doelwitte en projekte van die jaar bespreek word.



WIE IS STEMGEREGTIG

Die onderwysers wat vir die hele graadgroep in die jaar klasgee, is stemgeregtig.



SPESIFIEKE OORTREDINGS

Inskrywings word in 'n sentrale strafregister (D6 connect - kommunikeerder) aangeteken. Die leerder se ouer of voog moet kennis neem van elke sodanige inskrywing. Moedig asseblief u kind aan om vir u daaglikse te sê indien hy/sy oortree het.

PROSES:

Indien die leerder in sy/haar Gr 5 of Gr 6 jaar 10 dissiplinêre punte teen sy/hy naam het, sal hulle ingeroep en gewaarsku word. 'n Brief sal op die D6 Kommuniqueerder ook aan ouer gestuur word. Indien leerder 15 punte teen sy of haar naam het kan hulle oorweeg word om nie deel van die diespan / leier groep te wees nie.

Leiers

8.1 Leerders wat 'n totaal van 15 dissiplinêre punte (van 2 of meer personeel) teen hulle naam het in Gr 6 kan die voorreg ontnem word om tot die skool se leiers verkies te word.

8.2 Leiers wat 'n totaal van 15 punte (vlak 1 en 2) vir die tydperk van graad 7 ontvang sal dan as leier onthef word

8.3 Leiers wat skuldig is aan 'n vlak 3 / vlak 4 oortreding sal na deeglike ondersoek vanaf die adjunkhoof en hoof van baskie onthef word (word op meriete geëvalueer)

8.4 Enige leerder wat 10 dae aaneenlopend afwesig was sonder geldige verskoning kan die voorreg ontnem word om 'n leier te wees in die daaropvolgende jaar.

Dienspan

8.5 Leerders wat 'n totaal van 15 dissiplinêre punte (van 2 of meer personeel) teen hulle naam het in Gr 5 kan die voorreg ontnem word om tot die skool se dienspan verkies te word.

8.6 Enige leerder wat 10 dae aaneenlopend afwesig was sonder geldige verskoning word die voorreg ontnem om op die dienspan te wees in die daaropvolgende jaar.

Graad 7 leerders

8.7 Graad 7 leerders wat 'n totaal van 20 dissiplinêre punte teen hul naam het, sal die voorreg ontnem word om aan die einde van die jaar die graad 7 afskeid by te woon.

Graad 4-6

Leerders wat in die oggend laat kom, word deur register onderwyser op die D6 gestraf.

Oortredings vlak 1:

1 Debiet punt:

- Arrogansie/ ongemanierd/ ongehoorsaamheid
- Boeke vergeet.
- Eet in die klas.
- Gooi voorwerpe in die klas rond.
- Gooi voorwerpe by die verdiepings af.
- Onvoltooide klaswerk / huiswerk
- Kom laat in die klas
- Praat tee met leiers/onderwysers
- Probeer snaaks wees
- Ry op stoel
- Skree uit / maak geluide
- Speel in die klas
- Spoeg
- Swak gedrag
- Rommelstrooiing
- Praat aanhoudend/ steurend in die klas
- Speel in badkamer
- Kougom kou
- Verkeerde skooldrag en bykomstighede
- Gremering
- Naels (Naellak)

Oortredings vlak 2:

3 debiet punte:

- Verbale mishandeling
- Baklei / handgemeen (stamp en stoot)
- Breek / verniel skool eiendom / skryf op tafels

- Laat skool in die steek (sport/kultuur)
- Oneerlikheid tydens toetse/eksamens
- Vloek/skeltaal
- Pornografiese geselsies
- Oneerlikheid in die algemeen (jok)
- Ongehoorde gedrag in badkamers
- Selfoon/ smartwatch gebruik in skoolure
- Swak gedrag in saal opening
- Swak gedrag: skool geleenthede
- Swak gedrag: wissel/ aantree/ op die stoepe
- Verlaat klas sonder toestemming
- Hardloop op stoep
- Spot maat

Oortredings vlak 3:

5 debiet punte:

(Direk na Mnr Johnny)

- Aanranding (bloed)
- Konstante boelie
- Diefstal
- Gevaarlike wapens
- Rassehaat
- Seksuele teistering
- Afknou
- Dreig ander leerders
- Vandalisme / verniel skool eiendom
- Verlaat skool sonder toestemming

Oortredings vlak 4:
10 debiet punte:
(Direk na Mnr Johnny)

- Rook / Vape
- Pornografiese materiaal
- Dwelms/alkohol

Erkenningspunte:

- | | |
|--|---------|
| • 100% skoolbesoek vir die kwartaal | 2 punte |
| • Geen inskrywings vir die kwartaal | 2 punte |
| • 5% akademies bevordering vir die kwartaal
(gebaseer op die gemiddeld) | 1 punt |
| • Gee borgvorm (projek) terug met 'n bydrae | 1 punt |

